

Dink weer voordat jy polis kanselleer

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Dalk was dit 'n teken van die drukken-de ekonomie. Dalk was dit net aftree-tyd. Maar om die een of ander rede het ek einde verlede jaar 'n paar vrae gekry van mense wat lewenspolisse wil kanselleer. Is daar raad?

Aan die een kant kanselleer mense hul lewenspolisse omdat dit te duur geraak het. Aan die ander kant meen baie dat hulle aftreeouderdom bereik het en nie meer lewensdekking nodig

het nie - seker ook maar omdat dit duur kan raak vir iemand wat op 'n pensioeninkomste moet staatmaak.

Net eers dit: Loop lig vir lae premies, veral vir dié met 'n spul bemarkingsfoefies daaraan gekoppel. Jou premiepyn is op pad.

Ek weet van 'n hele paar mense wie se premies so opgeskiet het dat hulle dit nie kan bekostig nie, maar intussen het hul gesondheid ook so agteruitgegaan dat hulle nie nuwe dekking kan kry nie.

Dink vooruit en redeneer verstandig as jy lewensdekking wil hê en daar word foefies soos jou geld terug, vliegkaartjies en allerhande lidmaatskappe aan jou gesmous.

Maar terug by die punt vandag. Daar is mense wat by 'n tyd kom waar hulle meen hulle kan die premies nie bekos-

tig nie, veral ná aftrede, of hulle het die dekking nie meer nodig nie. Al hul skuld is byvoorbeeld betaal en hulle het genoeg geld om van te leef.

Dink twee keer voordat jy daardie polis kanselleer. Jy het jare lank daaraan betaal en as jy kanselleer, is dit net die versekeraar wat gaan baat vind. Ja, jy het darem die gemoedsrus gehad toe dit nodig was, maar nadat al daardie geld betaal is, hoekom nie maar die voordeel daarvan aan iemand nalaat nie?

Dink aan hoe jou lewe sou verloop het, geldelik, as jy êrens langs jou lewenspad 'n meevaller van 'n paar miljoen rand kon gekry het van 'n oorlede pa of ma, broer, suster of ander familielid. Hoekom dit dan nie doen vir iemand na aan jou nie?

Ek kan dink aan 'n paar minder

droewige begrafnishuldeblyke.

Dis seker een goeie rede, maar dit gaan om meer. Wat van 'n kleinkind wat dalk graag wil gaan studeer? Sonder skuld.

Ek stel voor dat jou polis waarvoor jy nie meer kans sien nie, eerder aan 'n kind oorgemaak word, of iemand anders wat 'n geldelike belang in jou het. Laat hulle die premies oorneem en dan die geld kry wanneer jy sterf. Nee, nie “as jy dalk iets oorkom” nie. Dit is wanneer jy doodgaan. Dit kom, glo my. En daarom is my plan 'n goedkoop manier om kapitaal te skep.

Dit kan gedoen word deur 'n sessie te teken waar die kind dan die nuwe eienaar van die polis word en net voortgaan om die premies te betaal.

Mense vra my oor die belastinggevolge van die plan. Daar is nie werklik nie.

Die polis, soos alle polisse, val in vir boedelbelasting. Maar al die premies wat die kind betaal het plus 6% per jaar rente is aftrekbaar voordat die belasting bereken word. Hy of sy betaal net die pro rata-gedeelte van die totale boedelbelasting - as daar boedelbelasting betaalbaar is in die boedel - wat deur die polis getrek word.

Wat van kapitaalwinsbelasting (KWB)? Hoewel dit in wese as 'n sogenaamde tweedehandse belasting beskou kan word, is geen KWB betaalbaar nie omdat daar geen basiskoste is nie.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen*